Vrydag **27 Desember**

**Skrifgedeelte: Daniël 6:1-15**

**Fokusgedeelte: Daniël 6:11**

**Aanbidding van die ware God, desondanks!**

Het iemand jou al verbied om die Here te aanbid? Dalk nie persoonlik in jou huis nie. Maar dit word al meer verkondig dat ons ander godsdienste in ag moet neem. Open nie meer by die staatskool met Skriflesing en gebed nie. Of spreek net 'n algemene goddelike wese aan, sodat ander nie geaffronteer word nie. Godsdiensgelykheid word geprys. En wee jou as jy jou oortuiging dat die Vader slegs in Jesus Christus geken en aanbid kan word, te sterk stel.

Daniël se kollegas was nie tevrede met sy senior aanstelling en gesag nie. Al wat hulle teen hom kon vind, wat hom sy posisie en selfs sy lewe kon kos, was sy volhardende geloof. Selfs in die vreemde as balling het hy steeds die God van sy vaders bly eer en aanbid. Wanneer die onherroeplike dekreet uitgevaardig word, was daar 'n keuse. Val in by die meerderheid, of volhard in wat jy glo. Konformeer of loop die reguit pad. Daniël gaan reguit na sy daaglikse gebedsplek. Vreesloos. Gelowig. Oortuig van wat reg is. Standvastig daarby dat die God van Israel die enigste en die getroue Here was.

Die Here Jesus beklemtoon dat daar slegs een smal pad na die lewe is. Die poort na die lewe is nou. Ons kan nie God en Mammon dien nie. Die apostels antwoord die Joodse Raad dat God bo mense gehoorsaam moet word. Paulus moedig Timoteus aan om te bly by wat Hy geleer het. Hy moes die geïnspireerde Skrif as gesagvol en opbouend vir die lewenspad bly gebruik.

Daniël is deur die doodskuil met leeus bewaar, so sal God die getroues bewaar. Vrees nie hulle wat slegs die liggaam kan doodmaak nie. “Nee, vrees (aanbid) Hom eerder wat sowel die liggaam as die siel in die hel kan laat vergaan” (Matt. 10:28).

*Sing: Psalm 71-1:1, 4*

*Dr. WC (Callie) Opperman (Emeritus)*